

OP DIE JERIGO-PAD

(Alternatiewe titel DIE GAS)

- Verhoogdrama -

deur

Joey van Niekerk

OP DIE JERIGO-PAD was oorspronklik vir die radio geskryf onder die titel **DIE GAS**. Dit is in **2012** in 'n maklik opvoerbare verhoogdrama omskep. Dis 'n kontemporêre en aktuele drama waarin, onder andere, vereensaming van ouers wie se kinders die land verlaat het, drankmisbruik, vrouemishandeling en onbetrokkenheid van bure en vriende aan die kaak gestel word. Die noodsaaklikheid van vergifnis kom ook sterk na vore.

ROLVERDELING:

1. FRANS: (± 60) 'n "Kerkmens", soms skynheilig. 'n Realis, maar knorrig en verbitterd. Paternalisties. Klein gebou.
2. LINA: (± 58) Goedgelowig, nuuskierig. Meestal meer positief as Frans.
3. HENK: 'n Jong bedelaar, ± 15 jaar oud, met 'n "askies-dat- ek-leef"-stem en houding.
4. MARY: Swanger vrou wat mishandel word. (± 23 jaar). Wanhopig, maar nie 'n patetiese, willose slagoffer wat nie handelend kan optree nie.
5. JOHNNY: Mary se man (± 30). Fisies sterk. Aggressief. Tydens die drama besope.
6. HARRY: Vindingryke, sorgsame leier van 'n groep straatkinders. (± 16 jr.)
7. ABDOEL: Taxidrywer. Harde "sakeman", maar lugtig vir sy konkurrente.
8. BEVERLEY: (± 55) Vrou wat die oorsaak is van die bedenklike situasie waarin Frans en Lina verkeer. Saggeard, goedgelowig en deernisvol.

Toestemming vir opvoering moet verkry word van:

DALRO, Posbus 31627, Braamfontein, 2017
Tel. (011) 712-8301; Telefaks: (011) 403-9094
E-pos: theatricals@dalro.co.za

Kopiereg:

JG. Van Niekerk,
Knysnalaan 299,
SINOVILLE,
Pretoria, 0182.
E-pos: jgvniekerk@mweb.co.za
Selfoon: 072 7557523

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar
dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

KERSMUSIEK

FRANS DRINK 'N KOPPIE KOFFIE LEEG EN SIT DIT OP DIE KOMBUISTAFEL NEER. LINA IS DOENIG IN DIE KOMBUIS.

1. FRANS: Dankie vir die koffie en beskuit, Lina. Dit was lekker.
2. LINA: My man, ek is bevrees dit was jou Kersontbyt.
(BESORG) Sal jy kan hou tot vanmiddag?
3. FRANS: Natuurlik. Ek weet mos dat ons koskas maar leeg is. So, ek verwag nie 'n vyfster-ete nie, al is dit vandag Kersfees.
4. LINA: Ek kon darem 'n geldjie afknyp vir iets spesiaals vir vandag se ete. Ek het maaltjies en ertappels gekoop en gaan vir ons 'n herderspastei maak. Ek kon ook jong worteltjies en 'n koolkop koop. Ek gaan vir ons kool- en wortelslaai daarby maak. (SUG) Ai, hoe het ek nie terug verlang na ons tuin in die groot erf toe ek die vars, jong wortels en kool sien nie. As ons tog net nie nodig gehad het om na jou aftrede in een van hierdie bedompige klein troshuisies te kom neskop nie...
5. FRANS: (ONGEDULDIG) Lina, moet tog nie weer daarmee begin nie. Nie op hierdie Kersdag nie.
6. LINA: (BEROUVOL) Jammer, Frans. Dis maar net dat ek dit moeilik vind om vrede te maak met dit wat met ons gebeur het..
7. FRANS: (BITTER) Dis alles Beverley se skuld. Was dit nie vir háár nie, sou ons Kersefees beslis nie 'n herderspastei en koolslaai gewees het nie.
8. LINA: Onthou jy nog hoe ons Kerstafel altyd gekreun het van die kos? Wat 'n fees was Kerstfees nie! Al ons kinders en familie om die Kerstafel met vriende wat dwarsdeur die dag kom en gaan.
9. FRANS: (BITTER) En nou sit albei ons kinders en hulle gesinne in Australië. En ons lieg vir hulle en vertel net hoe goed dit nog met ons gaan. Ek wonder wat hulle sal sê as hulle moet weet waaruit ons Kersefees vandag bestaan – en hoe eensaam ons is.

FRANS BEWEEG NA DIE VOORKANT VAN DIE VERHOOG EN PRAAT HALF IN DIE RIGTING VAN DIE GEHOOR.

1. LINA: (GEMAAK VROLIK) Toemaar, ons het darem nog mekaar. Ons sal vandag darem poeding ook hê. Ek het drie geurige perskes vir ons as nagereg gekoop. Ook 'n pakkie appels. Vrugte is gesonde kos en die appels sal lank vars bly. (POUSE)
2. FRANS: (GRIMMIG) Daar stap sy alweer!
3. LINA: Wie?
4. FRANS: Daardie adder wat haarself jou *vriendin* genoem het. Wens sy wil trek! Ek kan stik elke keer as ek haar sien verbystap. Solank ek elke dag teen haar vaskyk, sal ek nooit vrede kan maak met dit wat met ons gebeur het nie.
5. LINA: (SUG) Ja, Beverley Smith, my boesemvriendin. En toe die oorsaak van ons ellende. (POUSE) As ons tog net nie so goedgelowig was en so maklik vertrou het nie.
6. FRANS: Wys jou maar net weer: *Moet op prinse nie vertrou nie!*
(POUSE. BITTER) Ek sou wye draaie om ons geloop het as ek sy was. Het die vrou g'n skaamte nie? Belê al my aftreegeld by haar "briljante" belegger en toe verloor ons alles!.
- 7 LINA: (PAAIEND) Ons moes gedink het, Frans. Alles was net te goed om waar te wees. Ons het kop verloor – albei van ons. Ons het ook skuld aan hierdie ding wat gebeur het.
8. FRANS: (KWAAD) Ek moes my kop laat lees het voordat ek my in daardie spinnekopwyfie se net laat vang het.
9. LINA: Moenie vergeet nie: syself het ook geld verloor. Al praat ons nooit meer met mekaar nie, kan ek sien dit gaan nie goed met haar nie. Sy het baie maer geword. Wonder of sy siek is.
10. FRANS: (DRIFTIG) Alles wat haar tref, is haar verdiende loon! Ek hoop sy kreppeer van ellende!

1. LINA: (SAG BERISPEND) Haai, my man. Jy's 'n kerkmens. Hoe kan jy iemand so iets toewens? En dit terwyl ons self so noustrop trek.
2. FRANS: Ek het g'n simpatie met haar nie. Ja, sy het ook geld verloor, maar nie alles nie. Ons het ALLES verloor!
3. LINA: (PAAIEND) Darem nie alles nie, Frans. Gelukkig het jy jou kop gebruik en heel eerste ons mooi huis op die groot erf verkoop en hierdie kleiner plekkie in die veiligheidsoord gekoop. Toe eers het jy die res van jou aftreegeld belê.
4. FRANS: Veiligheidsoord se voet! Mense kom en gaan hier nes hulle wil. Maar as ek daardie skuif nie gemaak het nie, het ons dalk nou ook in 'n plakkerskamp gesit. Ek hoor daar is al 70 van hulle net in en om Pretoria. Ek wonder hoeveel daarvan is ook al hier in die Kaap..
5. LINA: Gelukkig het jy ook die bakkie en die tuingereedskap aangeskaf voordat die ellende ons getref het.
6. FRANS: Het gedink dis darem iets om my na my vroeë aftrede besig te hou. En toe word die tuindiens ons enigste bron van inkomste.
7. LINA: Wees dankbaar, my man. Ons het elke aand 'n dak oor ons kop, en het nog nie een aand sonder kos gaan slaap nie.
8. FRANS: Weet jy hoeveel geld het ek vandag in my sak – en dit op hierdie Kersdag? (AFWAGTENDE POUSE. AFGEMETE) Dertig rand. Drie hele, groen tienrandnote! En die bakkie is byna leeg.
(MOEDELLOOS) Hoe ek Dinsdag sal kan gaan werk as ek 'n oproep kry, weet ek nie. Hoeveel brandstof gooi mens deesdae vir R30 in? En waarop gaan die grassnyer loop as ek nog gras ook moet sny? Op water? Dan moet ons nog eet ook.
'N KERKKLOK LUI IN DIE VERTE.
9. LINA: Ek het darem nog bietjie broodgeld oor vir die res van die week.
(OORGANG) Daar lui die kerkklok. Ons sal moet klaarmaak vir die Kersdiens. Ek dink dit is waarheen Beverley op pad was.

1. FRANS: (HALF VERLEË) Ek ... ek weet nou nie so mooi nie, my vrou. Ek weet nie of ons vanoggend kerk toe moet gaan nie.
2. LINA: (SIMPATIEK) Wat is jou probleem, Frans
3. FRANS: (ONGEMAKLIK) Ek...ek het vannag 'n droom gehad. 'n Baie vreemde droom. Maar dit was so werklik. Ek onthou nooit my drome nie, maar hierdie een bly my by.
4. LINA: (VERSTOM) Wat? 'n Droom?
5. FRANS: (VERLEË) Ag, vergeet daarvan. Kom ons gaan trek aan.
6. LINA: (HUIWERIG) Ek...ek het ook gedroom, Frans.
7. FRANS: Regtig? Wat het jy gedroom?
8. LINA: (STADIG, NADENKEND) Ek het gedroom dat ... dat Jesus vandag, op hierdie Kersdag, by ons gaan kom kuier.
9. FRANS: (OPGEWONDE) Dis presies wat ek ook gedroom het. En die droom was so helder. Niks was vaag of deurmekaar nie...
10. LINA: Myne was presies dieselfde. Ek kry skoon koue rillings, my man.
11. FRANS: (VERWONDERD) Dis ongelooflik, Lina.
12. LINA: Ja, my man. Dit lyk my ons twee het vannag uit dieselfde oord 'n dubbele boodskap gekry.
13. FRANS: Dit kan net één ding beteken: Jesus gaan vandag by ons kom kuier. Dis vir seker. Ons sal dadelik gereed moet maak vir ons gas.
14. LINA: Gereed maak? Daar is nie veel wat ons sal kan doen nie. Die huis is skoon. Ek gaan die herderspastei en slaai maak en die tafel dek.
15. FRANS: (BEKOMMERD) Maar gaan daar genoeg kos vir drie mense wees?
16. LINA: Ek weet nie. Die drie perskes is genoeg vir nagereg, maar die maaltjies is bietjie min. Maar toemaar, ek sal brood bysit, dan word dit meer. Ek het nog 'n paar ekstra snye brood in die yskas.
17. FRANS: Ons kan vir onself minder kos inskep. Dan behoort die min kos nie 'n probleem te wees nie.
18. LINA: (OPGEWONDE) Ons sal so maak. Wag, laat ek aan die werk spring.

'N JONG SEUN KOM DEUR DIE GEHOOR NADER, KLIM OP VERHOOG EN 'N KLOP AAN 'N DENKBEELDIGE BUITEDEUR. (KLOP WORD GEHOOR)

1. LINA: (OPGEWONDE) O liewe aarde! Dis dalk al ons Gas. En ek is nog nie klaar nie. Gaan kyk, Frans.
FRANS MAAK DIE DENKBEELDIGE DEUR OOP.
2. FRANS: Goeiedag.
3. HENK: (EFFENS TEMERIG) M^ôre Meneer. Geseënde Kersfees, Meneer.
4. FRANS: Dieselfde vir jou, my jonge vriend. Wat bring jou so vroeg op die Kersoggend voor my deur?
5. LINA: (VIES. EENKANT, BY HAARSELF) Ag, dis weer een van daardie jong bedelaars wat deesdae oral by kruispaaie staan. Laat ek loer.
(POUSE) Ja, dis daardie ventjie wat altyd by Checkers se hoek sy laphoed in sy hande staan en opfrommel. Laat ek nader staan en hoor wat hy te sê het.
6. HENK: Ag Meneer, ek het al van vroeg af 'n draai by die rykes daarbo teen die berg gemaak. Maar 'n mens kan nie naby hulle kom nie. Die heinings is hoog, die deure bly toe. Hulle maak nie eers die ysterhekke vir jou oop as jy die klokkie lui nie.
7. HENK: (HY SIEN LINA RAAK. TEMERIG) O, dag, Mevrou. Geseënde Kersfees, Mevrou.
8. LINA: Goeiem^ôre. Vir jou ook. (SY KOM NADER) Kan ons help?
9. HENK: Soos ek nou net vir Meneer sê. Die rykes daarbo maak nie eers die hek vir 'n mens oop nie, laat staan nog die deur. Toe dog ek: die armes sal weet hoe dit voel om honger te ly. Het julle nie dalk vir my 'n geldjie om brood te kan koop nie?.
10. FRANS: Geld het ek nie. Buitendien sal al die winkels vanoggend toe wees. Dis Kersfees, jongman, of het jy dit vergeet? (POUSE) Maar dalk het ons vir jou 'n snytjie brood.
11. HENK: Een snytjie sal *my* beter laat voel, maar my ma en boeties en sussies sal steeds honger wees..

1. FRANS: Geld het ek nie, Jongman. En 'n hele brood ook nie. Regtig nie.
(OORGANG) Maar sê my, wat is jou naam?
2. HENK: Henk, Meneer. Eintlik is dit Hennerik de Wet. Maar almal noem my
sommer Henk.
3. FRANS: (NADENKEND) Mmm. 'n Ordenklike boerenaam.
(VADERLIK, VERMANEND) Hoe bedel jy dan vir kos, jong?
Ons Boeremense maak mos nie so nie.
4. HENK: Ek doen darem so tussenin los werkies, Meneer.
5. LINA: (SKEPTIES) Wanneer? Ek sien jou altyd by Checkers se hoek
staan. Hoort jy nie nog op die skoolbanke nie?
6. HENK: Dit kos geld om skool toe te gaan, Mevrou. My pa is dood. My ma
pas die kleintjies op. Ons woon in 'n karavaan op Oom Boet se
plaas. Ek moet sorg dat daar geld inkom, anders het ons nie kos
nie. Dis waarom ek na graad 9 uit die skool moes gaan.
7. FRANS: (STRENG) Maar waarom bedel jy? Waarom soek jy nie werk nie?
Of probeer ten minste om by straathoeke iets te verkoop!
8. LINA: So baie ander doen dit. Waarom nie ook jy nie?
- 9.. FRANS: (VADERLIK) Hendrik, ek kry vir jou part skaam as jy net staan en
bedel. Jy, 'n seun van my volk!
10. HENK: (STEEDS TEMERIG) Ag Oom, julle verstaan nie. Om iets te kan
verkoop, moet jy *iets hê* om te verkoop. Waar sal ek dit kry? Ek het
nie geld om iets te koop om te verkoop nie.
11. FRANS: Jammer, ou seun. Ons het rêrig vandag niks wat ons jou kan gee
nie - nie geld nie en ook nie kos nie.
12. LINA: (VERNAAM) Ons verwag vandag 'n gas - 'n baie, *baie* belangrike
gas. Die klein bietjie kos wat ons het, moet ons vir hom hou.
(OORGANG. ONTHUTS) Maar wat makeer jou been? Kyk die
bloed.

1. HENK: (KYK AF.) O dit? By die huis daarbo teen die berg wou ek ingaan om aan die deur te gaan klop. Daardie hek was nie gesluit nie. Ek was skaars in die erf, toe storm die honde. Ek het met een sprong bo-oor die hek gespring. Een van die skerp ysterpunte het my been gesny.
2. LINA: Wag hier. Ek kan darem vir jou 'n verband en salf bring.
3. FRANS: Nee wag, Vrou. Bring vir hom een van daardie lekker groot pleisters. Dis in die onderste laai van die buffet. Hy kan dit sommer self opplak.
4. LINA: Maar Frans, dit moet skoonge ... (maak word)
5. FRANS: (STRENG) Maak soos ek sê, Lina.
6. LINA: (VERWARD, TERWYL SY WEGSTAP) Wat's dit nou met hom?
BEWEEG WEG. LAAI WORD OOPGETREK EN WEER TOEGESTOOT. STAP TERUG TERWYL FRANS VOORTPRAAT.
7. FRANS: Ja, ons leef almal in tronke. Dis waarom so baie van ons kluisenaars geword het. Mense kuier nie meer nie – nie eers in troswoonbuurtes soos hierdie nie. (POUSE)
A...h.. hier's die pleister. Dis van die groter pleisters. Spoel die wond af. Sommer daarbuite by die kraan. Plak dan die pleister op.
8. LINA: En hier is sommer 'n ekstra pleister wat jy kan saamneem. Ook 'n skoon stuk kombuispapier. Droog die water en bloed eers af voordat jy die pleister opsit, anders sal dit nie plak nie.
9. FRANS: (STRENG) En moenie die bebloede papier op my erf gooi nie. Gooi dit in die vullisdrom daarbuite.
10. HENK: Ek maak so, Meneer. Dankie, Mevrou.
11. FRANS: (GEMOEDELIK) Soos ek gesê het, jongman: Kos of geld het ons nie. Maar ek kan dalk tog help. Kom Woensdag, as Kersfees verby is, weer hierheen. Vroeg hoor! Ek soek iemand om my met my tuindienste te help. Dan kan jy geld verdien en hoef jy nie te bedel nie.

12. HENK: Sal Meneer my per dag betaal, of sal ek moet wag tot die einde van die maand toe?
1. FRANS: Kom eers Woensdag. Dan kan ons verder gesels.
2. HENK: (BEDREMMELD) Goed Meneer. Dankie Meneer. Totsiens, Meneer. Totsiens Mevrou.
STAP SLEEPVOETEND WEG.
3. LINA: (SAG, SISSEND) Frans, hoe kán jy hom huur? Jy maak nou nie eers genoeg om in ons behoeftes te voorsien nie. Jy het so pas gesê jy het net R30 in jou sak en die bakkie is leeg. Waar gaan jy die geld uitkrap om hom te betaal?
4. FRANS: (PAAIEND) Kalmeer, Vrou. Daardie mannetjie wil nie werk nie. Geld vir brood se voet! Hy soek geld vir dwelms. Daai ouens is so sku vir werk soos 'n jong bruid vir haar skoonma. Hy sal nie Woensdag opdaag nie.
5. LINA: (NADENKEND) Ja, almal sê ons het so baie bedelaars omdat dit deesdae makliker en glo meer betalend is om te bedel as om te werk.
6. FRANS: (NEERHALEND) Glo my, daardie ventjie sal nie weer naby ons kom nie. Ek ken sy soort. En as hy wel opdaag, sê ek net ek kan hom eers die einde van die maand betaal. Dan sal hy in elk geval die pad vat.
(GRINNIK) Ons paar sente is veilig, my liewe vrou – doodveilig!
7. LINA: En waarom wou jy my nie toelaat om sy wond te versorg nie? Dis die minste wat ons kon doen.
8. FRANS: (ONGEDULDIG) My liewe mens, al ooit van VIGS gehoor? AIDS? Daardie siekte wat mense doodmaak en wat jy kan optel deur ander se bloed te hanteer? En het jy gesien hoe maer daardie mannetjie is?
9. LINA: Ja. Dis duidelik dat die arme kind nie genoeg voedsame kos inkry nie.

10. FRANS: Of dalk het hy “die maersiekte” - Vigs. Ons sal nie weet nie. Die dwelmslawe kry die Vigs deur vuil spuitnaalde wat hulle uitruil. Daarom vat ‘n mens g’n kans nie.

(MET NADRUK) Leer dit nou by jou ou man. Ons het ons plig gedoen deur vir hom ‘n pleister te gee. Jy kom nie naby so ‘n vent se oop wonde of sy bloed nie! Vir my is hierdie mense soos melaatses. *Better safe than sorry*, my vrou. Dis een stukkie wysheid wat jy by die Ingelse kan leer.

JOHNNY KOM OP DIE VOORGROND SINGEND EN SLINGEREND VERBYGESTROMPEL.

1. JOHNNY (SING SLEEPTONG, OP ‘N AFSTAND)

“Jingle bellsj...jingle bellsj. Jingle all the way...

Oh! What fun it isj to drive on the NI fre..e-way?

“Jingle bellsj...jingle bellsj. Jingle all the way...

Oh! What fun it isj to drive on the NI fre..e-way?

(HERHAAL DIT EENTONIG)

SY SINGERY WORD DOWWER SOOS WAT HY WEGBEWEEG EN AAN DIE ANDERKANT VAN DIE VERHOOG VERDWYN.

2. LINA: Ag nee! Dis Johnny van langsaan. Wil jy my sê hy kom nou eers van die Casino af? Hy het tog seker nie die hele nag gewerk nie?

3. FRANS: Natuurlik nie. (MINAGTEND) Hy en sy drinkebroers het weer die heelnag gefuif. Wonder wie hom huis toe gebring het. Hy’s nie te dronk om te weet dis Kersfees nie, want hy sing vandag *Jingle Bells*.

4. LINA: Dan slaap hy urelank sy roes af voordat die arme Mary dit weer moet ontgeld as hy wakker word en siek voel van die babbelas.

Arme vroujie. Ek kry haar so jammer.

KORT MUSIEKBRUG (KERSLIED) OM TYDSVERLOOP AAN TE DUI. DIE MUSIEK KRUISDOOF MET DIE STEM VAN FRANS.

5. FRANS: Lina, dis al byna 2 uur en ons gas het nog nie gekom nie. Ek begin nou rêrig honger word. Is daar nie dalk net 'n snytjie brood wat ons nou kan eet nie.
1. LINA: Daar is twee snytjies oor. Ek het die ander twee vir die herderspastei gebruik. 'n Snytjie brood saam met 'n koppie tee sal die honger darem 'n bietjie stil. Wag, ek kry dit gou vir ons.
- SY WERSKAF OM DIE KOS GEREED TE KRY
2. LINA: Dit was goed om van die kinders te hoor. Ek is bly ek kan darem nog steeds met hulle praat, al is dit so bitter kort.
(STEEDS 'N ENTJIE WEG) Jy weet, Frans, ek wens darem ons kon daardie ou rekenaar wat die kinders hier gelos het, laat opgradeer sodat ons ook kan *skype* en hulle kan sien as ons met hulle praat. Ek verlang verskriklik! Hulle ook.
3. FRANS: (KORTAF) Dit sal geldmors wees. Ek is nie iemand wat heeldag op telefone of rekenaars kan lê en klets met kinders wat duisende kilometers ver oorkant die see sit nie.
4. LINA: Ag, my man. Moenie so hardekwas wees nie.
5. FRANS: (WROKKIG) Dit was *hulle keuse* om pad te gee. Nou moet hulle maar op die bed slaap wat hulle vir hulself gemaak het. En ek kan my geld beter bestee as om 'n ou rekenaar op te gradeer sodat JY heeldag daarop kan klets. (NEERHALEND) Buitendien sal jy 'n rekenaar *nooit* baasraak nie. Jy sal die ding net opfoeter. Jy weet nie eers hoe om 'n CD of DVD te speel nie.
6. LINA: (BEWEEG NADER. VERONTWAARDIG) Ek kan leer! Hulle sê dis nie moeilik om te *skype* nie en dis goedkoper as die telefoon. Dit sal darem help om die verlange en hartseer van die skeiding te temper. (BY HOM. KORTAF) Hier's jou tee en broodjie.
7. FRANS: Dankie. (POUSE. HY ROER SY TEE. DRINK IN STILTE)
8. LINA: Die kinders hou ook aan toring dat ons moet kom kuier. Hulle verlang regtig, Frans.

1. FRANS: (BITTER) Verlang? Hulle het nie eers die ordentlikheid gehad om ons betyds te waarsku dat hulle wil emigreer nie. Toe ons hoor, was alles klaar afgehandel en albei foeter met hulle gesinne hals-oor-kop landuit. (POUSE) Watse soort kinders het ons grootgemaak vrou? Waar het ons gefaal?
2. LINA: (PLEITEND) Hulle het geen toekoms hier gehad nie, Frans. En hulle sê hulle wou nie die pyn van die skeiding maandelank uitrek nie. Daarom het hulle voor die tyd stilgebly daarvoor.
3. FRANS: Nee. Hulle het ons, hulle ouers - veral vir MY, hulle *vader* - nie genoeg geëer of vertrou om met ons oor hulle planne te praat nie. Hulle wantroue in my was vir my soos 'n dolksteek deur my hart.
4. LINA: My man, moenie dat jou trots en bitterheid 'n breuk tussen ons en ons kinders bring nie. Dit gaan nou baie beter met hulle. Hulle is nog nie eers 'n volle jaar daar nie en sê hulle sal ons vliegkaartjies kan betaal as ons wil kom kuier.
5. FRANS: (BESLIS) Vergeet daarvan! Wie sal my tuindienste hanteer terwyl ons oorsee rondflenter. En as ek terugkom, het ek geen klante meer nie. (AFGEMETE) Ons bly net hier!
(STRENG) *En jy sê hulle niks van hoe ons sukkel nie, hoor jy my?*
6. LINA: (PAAIEND) Natuurlik nie. Hulle het genoeg probleme om oorsee aan te pas. Ons moet dit nie vir hulle nog moeiliker maak nie. Ek vertel net altyd mooi en goeie dinge vir hulle.
7. FRANS: Hou dit so. (ONDERLANGS BROMMEND) 'n Man het darem nog sy trots.
8. LINA: Haai my man. Ek dink nou daaraan. Dis darem jammer dat ons gas nie gekom het voordat die kinders gebel het nie. Dink net watter wonderlike nuus dit vir hulle sou gewees het.
9. FRANS: (ONTHUTS) Vrou, jy sal dié storie nie kan rondvertel nie. Ons kinders, ALMAL, sal dink ons raak seniel as ons vertel dat ons glo dat ons drome waar kan word en dat Jesus in lewende lywe hier by ons sal opdaag om juis by ons te kom kuier. Almal sal ons spot.

'N VROU (MARY) PRAAT OP 'N AFSTAND HARD EN DRINGEND. 'N MAN (JOHNNY) SE STEM KAN (OOK OP 'N AFSTAND) GEHOOR WORD. TERWYL FRANS EN LINA VERDER GESELS, WORD DIE STRYERY VER OP DIE AGTERGROND SOMS WEER HOORBAAR.

1. LINA: Ag tog, dis alweer dronk Johnny en die arme swanger Mary. Dis darem verskriklik wat drank aan 'n mens kan doen. As hy nugter is, is hy heel skaflik.
2. FRANS: Hy's 'n breinlose grotman met die spiere van 'n oerang- oetang. En hy mishandel daardie klein vroujie van hom. Ek is doodseker daarvan!
3. LINA: Ja, sy loop dikwels met bloukollie op haar lyf. Selfs op haar gesig. Maar as mens haar daarvoor uitvra, sê sy net sy kneus so maklik. Net 'n ligte stampie, en die bloukol sit. (TWYFELEND) Maar ek weet darem nie.
4. FRANS: Dis wat hulle almal sê. Waarom mishandelde vroue by sulke monsters bly en hulle nog met leuens beskerm, kan ek nie verstaan nie.
5. LINA: (NADENKEND) Te trots. Of dalk te afhanklik van hom. Of dalk is sy regtig lief vir hom. Wie sal weet?
6. FRANS: Ander mense se boeke is duister om te lees.
DIE VROU PRAAT NOU HARD EN DRINGEND. DIE MAN SE STEM SKREEU AF EN TOE IETS MAAR DIS NIE DUIDELIK WAT HULLE PRAAT NIE.
7. LINA: Ek is bekommerd oor Mary. Ek gaan gou in ons kamer luister. As ek die venster oopmaak, kan ek duidelik hoor wat hulle praat.
8. FRANS: (STRENG) Jy bly daar weg, Vrou. Netnou sien die vent hoe jy hulle afluister. Jy soek moeilikheid.
9. LINA: Ek *moet* weet, Frans. Mary is op haar laaste. Ek kon gister sien die kleintjie het al gesak. Dis dalk nog 'n Kersbaba.

1. FRANS: Dit gaan geen verskil maak as jy afluister nie. En of die baba vandag kom of nie, het niks met jou te doen nie.
2. LINA: (VERONTWAARDIG) Maar jy hoor mos hoe hy haar weer verskree. 'n Vroutjie in haar toestand moet mooi behandel word. (BESLIS) Ek gaan luister!
3. FRANS: (SARKASTIES) En as jy weet, wat dan? Gaan jy daardie lummel probeer regsien? Of wil jy dalk vroedvrou speel?
4. LINA: ('N ENTJIE WEG, DRIFTIG) Frans Terblanche, jy gaan my nie keer nie. (NOG VERDER) Ek het darem nog 'n hart vir my medemens. SY VERDWYN UIT DIE GESIGSVELD.
5. FRANS: 'n Hart vir haar medemens. (NEERHALENDE SNORK) Nuuskierige agie, soos die hele Evasgeslag maar is. Kan nie hulle neuse uit ander se sake hou nie. KORT MUSIEKBRUG. LINA KOM HAASTIG TERUG.
6. LINA: Goeie genugtig! Daardie besope vent kan haar mos nie hospitaal toe neem nie. Ons sal moet help!
(AAN FRANS) Frans, ons sal moet help, jong. Mary se water het gebreek. Sy wil hê Johnny moet haar hospitaal toe neem, maar hy is papdronk. Sy sukkel nou om hom uit sy dronk roes wakker te kry. En as hy wel praat, beskuldig haar van allerhande lelike dinge. Sê sy's vet en lui en dis nie sy baba nie.
7. FRANS: (STRENG) Vrou, hoeveel keer moet ek jou nog sê dat 'n mens jou neus uit jou bure se sake moet hou - veral in 'n buurt soos hierdie waar almal op mekaar se skote leef en alles van almal weet. Dis 'n resep vir rampspoed as jy wil inmeng as jou bure baklei. Hier moet ons wagwoord wees: (MET NADRIK) *Bly onbetrokke!*
8. LINA: Dis hierdie keer anders, Frans. Mary gaan kraam. Vandag nog. En hy is nog steeds so besope dat hy hulle gaan verongeluk as hy hulle hospitaal toe probeer neem. Hy is nie in staat om 'n motor te bestuur nie. (DRINGEND) Ons moet Mary help, Frans.

1. FRANS: Vrou, as ek inmeng, is ek maaltvleis – juis omdat hy so dronk is. Daai Casino-uitsmyter is 'n bees van 'n man. En hy is dubbel so sterk as hy besope is. Hoe dink jy gaan ek lyk as daai ... oerang-oetang met my klaar is? (BESLIS) Nee, Lina, bly by dit wat ons besluit het toe ons in hierdie huisie ingetrek het: *Bly onbetrokke. Moenie inmeng nie!*
2. LINA: (PROTESTEER) Maar Frans, ek voel soos die priester wat by die gewonde man op die Jerigopad verbystap sonder om hom te help.
3. FRANS: Vrou, dink vir een keer 'n bietjie met jou kop en nie met jou hart nie.
4. LINA: (VIES) Ek dink met my kop EN met my hart. Maar jy het net 'n kop – *een groot harde klipkop* – en geen hart nie!
5. FRANS: (AFGEMETE) Vrou, ek het nie petrolgeld nie. Ons sal ure by die hospitaal sukkel om haar ingeboek te kry. (MET NADRUK) En terwyl ons weg is, kom ons gas dalk. Nou wil jy hê ons moet sommer wegry.
6. LINA: Ons gas? (ONTHUTS) O, aarde, hoe kon ek van hom vergeet het? Natuurlik kan ons nie wegry nie. Dis 'n spesiale besoek, hierdie, anders sou ons nie albei van hom gedroom het nie. Ons sal hier moet wees as hy kom. (KORT STILTE)
'N GROEPIE SWAKGEKLEDE TIENERS BEWEEG VANUIT DIE GEHOOR TOT OP DIE VOORGROND VAN DIE VERHOOG. HULLE GAAN STAAN STIL EN SING 'N KERSLIED. HULLE SING NOG AS LINA BEGIN PRAAT.
7. LINA: Hoor daarbuite, Frans. Dis seker weer die straatkinders. Hulle kom sing elke Kersdag vir ons. Laat ons uitgaan, dan hoor ons beter.
8. FRANS: (HAASTIG. DRINGEND) Nee wag, Vrou. Ons moet maak of ons nie hier is nie. (DIE MUSIEK WORD SAGTER)
9. LINA: (VIES) Wat is dit nou met jou? Ons luister altyd op die stoepie na hulle. Hulle eer darem ten minste die Here met hulle Kersliedere.
TERWYL HULLE PRAAT, WORD DIE SANG SLEGS AGTERGRONDMUSIEK.

1. FRANS: (SINIES) Ek dink nie dit gaan by hulle oor die Here nie. Dit gaan oor die eetgoed en geldjies wat ons hulle elke Kersfees gee as hulle kom sing. (MET KLEM) Ons het niks, absoluut niks, wat ons vanjaar vir hulle kan gee nie. Die bietjie kos is vir ons gas bedoel.
HARRY, LEIER/ WOORDVOERDER VAN DIE STRAATKINDERS, WYS SKIELIK IN 'N RIGTING.
2. HARRY: Maa' wie's daai? Dis mos 'n mêrrim met 'n soetkysie. En sy's pregnant. Waa' ga' sy hien?
DIE SWANGER MARY KOM SUKKELEND MET 'N KLEIN TASSIE AANGESUKKEL.
(BEVELEND) Boeta, ga help 'ie mêrrim mettie soetkys. Sy's preggies. Sy kannie soe swaa' dra 'ie. (POUSE) Wag, lat ek nade' staan.
BOETA TREE VINNIG NADER EN NEEM MARY SE TASSIE.
3. MARY: (ROEP SMEKEND. EFFENS WEG) Help my. Kry 'n taxi.
4. HARRY: Djee whizz, merrim. Waa' ga' djy met djou soetkys hien? En dit soe oppie Krismisday?
5. MARY: Hospitaal toe. Ek moet by 'n hospitaal kom. Sommer gou ook. Wat is jou naam?
6. HARRY: Harry mêrrim. Maa' wa's djou hubby? Of djou boy friend? Het hy djou ôk gedrop?
7. MARY: Ek het niemand nie, Harry. En my baba kom. Kyk, al die mense se deure is toe. Almal is weg. (HUILEND) Ek is alleen.
8. HARRY: Shame. En dit soe op'ie Krismisday. Net soe' s Mary was toe bybie Jesus gekom het. Net Jusef en 'ie skapies by haa'. (TROOSTEND) Ma' toemaa'. Ons sa' help.
(ROEP) Lucky, ha'kloop hoek toe en kee' 'n taxi voo'. Toe gou!
9. MARY: (KREUN) Oe. Eina! Maak gou, Harry. (KREUN) Die bybie gaan kom!
10. HARRY: Newwemaaind, mêrrim. Ons kry 'n taxi, somme' gou. Hie's baie taxi's wat hierie pad ry. Maar het mêrrim ching?

1. MARY: Ching? Wat's dit?
2. HARRY: Mali, mêrrim. Sjelt. Die taxi sal djou nie ve'niet oplaai 'ie.
3. MARY: Ek het geld, Harry. Net 'n bietjie. Hoop dit sal genoeg wees. Maar ek hoor hulle sê julle taxi's is nie so duur soos ons s'n nie.
4. HARRY: A, daa' kom hy. Dis Abdoel s'n. Hy's Okay. Abdoel sa' djou nie drop soes daai boyfriend va' djou 'ie.
DIE TAXI KOM (BUITE DIE GESIGSVELD) TOETEND EN MET SKREEUENDE REMME TOT STILSTAND. DIE TAXI BLY BUITE SIG. ABDOEL KOM NADER.
5. ABDOEL: Wa's my passenger?
6. HARRY: Hie'so. Sy moet hospital toe gaa'.
7. ABDOEL: Watte' ien?
8. HARRY: Sieka' Groeteskierhospital. Ek wiet 'ie.
9. ABDOEL: Dis 'ie my route 'ie. Ek soek'ie trouble 'ie. Kry iemand anners.
HY DRAAI OM EN STAP WEG.
10. MARY: (SMEKEND, HALF HUILEND) Nee. Stop! Asseblief, Abdoel. Hulle sal verstaan. Almal kan mos sien my bybie is op pad. Hulle sal jou nie kwalik neem nie. Moenie wegry nie!
11. ABDOEL: Die dag as Table Mountain inni sea disappear, sal ek 'ie Groeteskierhospital route ry. Dis 'n danger road daarie. Ek soek 'ie trouble 'ie, Mêrrim. Ek wil nog my laaities grootmaak.
HY STAP VASBERADE WEG. DIE GELUID VAN DIE TAXI WAT WEGTREK, WORD GEHOOR.
LINA KYK NUUSKIERIG NA BUITE. SY MAAK 'N GEBAAR OF SY DIE (ONSIGBARE) GORDYNE VERDER WIL OOPTREK OM BETER TE KAN SIEN, MAAR FRANS KEER HAASTIG.
12. FRANS: Moenie die gordyne ooptrek nie, dan sien hulle ons is hier.
13. LINA: TREK DIE (denkbeeldige) GORDYNE WEER HAASTIG TOE.
Toemaar, ek loer net deur 'n skrefie tussen die gordyne. 'n Taxi het stilgehou om die arme Mary op te laai, maar daar trek hy alweer sonder haar weg.

1. LINA: (OPGEWONDE) Kyk, kom kyk, Frans. Beverley se motortjie kom uitgery.

FRANS KOM HAASTIG NADER EN LOER OOK

2. FRANS: Ja. Dis Beverley. Sy help Mary in die kar in.

3. LINA: (VERLIG) Dankie tog! Wat 'n verligting. (BEDREMMELD) Ek voel nou baie sleg, Frans. Dat die arme mens nou so moes sukkel om by 'n hospitaal uit te kom. Ons moes haar maar probeer help het.

4. FRANS: Hoe? Met my bakkie sonder petrol? En jy sou agterop moes ry en wat sou ek gedoen het as die kleintjie op pad sy verskyning gemaak het?

5. LINA: Dis waar. Maar ek voel nogtans sleg. Dalk moes ek saam met hulle gery het sodat ek kan help as Mary hulp nodig het. Dit sou ons niks gekos het nie

6. FRANS: Behalwe dat jy dan nie hier sou gewees het as ons gas dalk intussen opgedaag het nie.

7. LINA: (VERSTROOID) Ons gas? Ag, ek bly van Hom vergeet! Dis oor dit so 'n deurmekaar dag is. (OORGANG) Ek wonder darem wanneer Hy gaan opdaag.

8. FRANS: Ek wonder al hoe meer of hy *ooit* gaan opdaag.

KERSMUSIEK VORM 'N MUSIEKBRUG OM TYDSVERLOOP AAN TE DUI. DIT KRUISDOOF MET 'N MOTOR WAT TOT STILSTAND KOM. 'N MOTORDEUR KLAP TOE.

9. LINA: Ek wonder wie dit is. Laat ek kyk.

10. FRANS: Dis al laatnag. Jy sal niks kan sien nie.

11. LINA: ('N ENTJIE WEG) Die straatligte brand helder daarbuite. (POUSE) Dis Beverly. Dalk was sy die hele tyd by Mary by die hospitaal. Sy loop sleepvoetend. Sy lyk baie moeg.

1. FRANS: Moenie haar bejammer nie. Sy kan vir 'n verandering iets goeds doen na al die kwaad wat sy ons aangedoen het.
2. LINA: (BEWEEG TERUG) Ai, my man. Ons sal moet leer om te vergewe.
3. FRANS: (KORTAF) Dit sal maar moeilik gaan.. As ek aan daai vrou dink, voel dit vir my of iemand my met 'n knopkierie 'n hou op die maag gee – of daar 'n klip op my hart lê. Ek kan dit nie help nie.
4. LINA: Ons het 'n slegte Kersdag gehad. Dalk omdat ons nie vanoggend kerk toe gegaan het nie. En boonop het ons gas toe nooit opgedaag nie. Miskien moet jy vir ons 'n stukkie uit die Bybel lees.
5. FRANS: Jy is tog so naïef en bygelowig, Lina. Dink jy as ons nou uit die Bybel lees, gaan die stukkie van die dag wat oor is, beter word? Dink jy dit gaan Jesus laat kom?
6. LINA: (VERDEDIGEND) Dis nie dit nie, Frans. Ek het net die behoefte gevoel om 'n stukkie te lees.
7. FRANS: (KORTAF) Nou lees dan vir jousef. Op die oomblik voel ek nie daarna nie. Daar lê die Bybel. Ek gaan my boek verder lees. Dit sal my dalk laat vergeet van hoe honger ek is - en dit op hierdie aaklige Kersdag.
8. LINA: Haai Frans. Hoe kan jy dit sê?
9. FRANS: Die hele dag was een lang, pynlike frustrasie. Dit het ons nou van ons geloof in drome.
10. LINA: As ek klaar gelees het, sal ek die herderspastei warm maak. Dan eet ons maar ons Kersmaal. Verbeel ons dis 'n middernagfees.
(BEDEESD, GELATE) Ek glo ook nie Jesus gaan meer kom nie.
11. LINA: (SY TEL DIE BYBEL OP EN BLAAI DAARIN ROND.)
(SAG, PEINSEND) Wat sal ek lees? Ek is nie vanaand lus vir die geboorteverhaal nie, al is dit Kersfees.
(BLAAI NOG ROND) Ek weet. Ek gaan die Bybel sommer net oopmaak, en daar waar dit oopval, gaan ek lees.
BAIE SAGTE KORT STUKKIE KERSMUSIEK TERWYL SY LEES.

1. LINA: (SAG) Frans.
2. FRANS: (VRAEND) Mm.m..m?
3. LINA: Frans. Hy HET ons vandag besoek.
4. FRANS: (BEVESTIGEND) Mm.m.m.
5. LINA: (HARDER) Frans, hoor jy wat ek sê?
6. FRANS: (ONGEDULDIG) Wat is dit, Vrou?
7. LINA: (MET KLEM) *Jesus HET ons vandag besoek.*
8. FRANS: Wat praat jy tog?
9. LINA: Luister bietjie hier, my man.
(SY LEES STADIG EN AFGEMETE)
10. LINA: "Want toe Ek honger was, het julle vir My kos gegee; toe Ek dors was, het julle vir My iets gegee om te drink; toe Ek 'n hawelose vreemdeling was, het julle My in julle huise ontvang; toe Ek niks gehad het om aan te trek nie, het julle vir My klere gegee; toe Ek siek was, het julle na My omgesien ... (STILTE)
11. FRANS: (NADENKEND) Dis mos die stuk in die Bybel waar Jesus sê wat ons aan ander gedoen het, het ons aan Hom gedoen.
12. LINA: Ja, my man. En ook dat wat ons NIE aan ander gedoen het nie, het ons ook nie aan Hom gedoen nie. (AFGEMETE) *Jesus het ons vandag herhaaldelik besoek, maar ons het Hom weggewys. Ons het nie die deur vir Hom oopgemaak nie.*
13. FRANS: (STADIG, NADENKEND) Wil jy nou sê dit was Jesus wat vroeg vanoggend aan ons deur kom klop het - as die bedelaar-seun?
14. LINA: Ja, my man. Ons het wel oopgemaak, maar het Hom nie binnegenooi, brood of geld gegee of sy wond self versorg nie. Ons het hom soos 'n *melaatse* behandel. (POUSE)
15. FRANS: Toe het Hy as die singende straatkinders weer aan ons deur kom klop. Vir *hulle* het ons die deur nie eers oopgemaak nie. Ons het Jesus heeltemal buite gehou. Gemaak of ons nie tuis is nie.
16. LINA: (PLEITEND) En wat van ons eie kinders, my man? *Jy hou hulle ook buite.*

1. FRANS: Dis nie waar nie.
2. LINA: (PLEITEND) Hulle is hartseer, Frans. Hulle verlang. Hulle wil uit *jou* mond hoor dat jy hulle vergewe het nadat hulle so onverwags landuit is. Dit pla hulle dat jy nooit eers oor die foon met hulle praat nie. Jesus het vandag ook deur ons kinders kom kuier, my man, maar jy verwerp al hulle toenaderings en stoot hulle weg. Jy sal moet vrede maak, Frans.
3. FRANS: (VERDEDIGEND) Jy – julle almal – wéét tog dat JY die een in ons huis is wat altyd die telefoon beantwoord. Ek kon nog nooit oor 'n foon staan en klets nie. En ons het nie geld vir opgradering van die rekenaar of die sagteware om te kan *skype* nie.
4. LINA: Ek het vandag besluit ek gaan maar toegee aan Marlene se herhaaldelike versoeke om van my salmtertjies en ander lekker southappies vir hulle tuisnywerheid te bak.
5. FRANS: (BOT) Jy gaan net elektrisiteit mors en ons bietjie geld in die water gooi.
6. LINA: Nee, Frans. Ek het die tuisnywerheid se geldstate by Marlene gesien. Hulle maak goed geld. Ons kan die geld wat ek verdien vir die rekenaar gebruik. En jy kan my leer hoe om met die rekenaar te *skype*.
7. FRANS: As jy dit doen, sal ek as ons kan *skype* ook met die kinders praat.
8. LINA: Dit kan nog maande duur. Jy kan nie so lank wag nie, my man.
9. FRANS: Jy's reg. (SAAKLIK) Oor 'n uur of wat is dit dag by die kinders in Perth. Dan bel ek hulle en maak sommer dadelik vrede. Dan het ons kinders darem nie vandag tevergeefs kom aanklop nie.
10. LINA: Frans, Jesus het ook kom klop toe Mary vandag hulp gesoek het om by die hospitaal te kom. Nie net vandag nie, maar ook al die vorige kere toe ons gehoor het hoe Johnny haar mishandel. En nie een enkele keer het ons haar in haar nood bygestaan nie. Vreemde straatkinders het haar vandag te hulp gesnel.

1. FRANS: (NADENKEND) Straatkinders op wie ek neergesien het en wie se motiewe en godsdiens ek afgekraak het. *Hulle* het die deur vir Jesus oopgemaak.
2. LINA: (PEINSEND) God het ons met ons drome vandag op die pad van Jerigo na Jerusalem geplaas. 'n Pad bestrooi met gewondes... sterwendes. Maar ons het nie gehelp nie. Ons het verbygestap, soos die priester en leviet.
3. FRANS: Maar straatkinders ... en Beverley het op die Jerigopad stil gaan staan, en genade betoon ... (BEROUVOL) Ek skaam my oor al die verskonings wat ek aangevoer het om nie te help nie.
4. LINA: (POUSE. ONTROERD) Sal die Here ons kan vergewe, Frans? Hy het herhaaldelik aan ons deur kom klop, en ons het nie vir Hom oopgemaak nie. Nie eers één enkele keer nie.
5. FRANS: (STADIG, NADENKEND) Ek dink Jesus het so pas 'n laaste keer aan ons deur kom klop. (POUSE) Ons moet na Beverley toe gaan.
6. LINA: Ja, sy het so moeg gelyk ... sleepvoetend geloop asof sy gedaan is toe sy netnou teruggekeer het van die hospitaal af. Dalk het sy nie eers geëet nie.
7. FRANS: Ons Kersmaal wag nog steeds om geëet te word. Kom ons neem dit oor en gaan eet dit saam met haar.
8. LINA: Ja. Ons kan die kos sommer in haar mikrogolfoond warm maak.
9. FRANS: Ons sal ons litte moet roer. Netnou slaap sy. Bring die slaai en perskes. Ek sal die herderspastei dra.
HULLE BEWEEG ROND, MAAK DIE KOS BYMEKAAR EN LOOP MET KOS IN HULLE HANDE (voor die verhoog verby) IN BEVERLEY SE HUIS SE RIGTING. TERSELDERTYD KOM BEVERLEY AANGESTAP – OOK MET 'N KOSBAK IN HAAR HANDE.
10. LINA: (VERBAAS) Hier kom Beverley ook aan. Reguit na ons toe.
11. FRANS: Ook met 'n bak in haar hand.
HULLE KOM BY MEKAAR TOT STILSTAND

1. BEVERLEY: (HUIWERIG) N.naand, Frans. Naand Lina.
2. ALTWEE GROET GELYK: Naand Beverley.
3. LINA: Geseënde Kersfees, Buurvrou.
4. BEVERLEY: Vir julle ook. Ek is bly om julle te sien. Ek was die hele tyd in die hospitaal bekommerd oor julle. Was verlig toe ek sien julle lig brand darem nou.
5. FRANS: (VERBAAS) Bekommerd? Waarom?
6. BEVERLEY: Ek het julle die heeldag glad nie gesien nie. Julle was nie in die kerk nie en het ook nie uitgekom toe die kinders gesing het en ook nie toe ons die drama met Mary gehad het nie. 'n Mens is deesdae maar bekommerd as jy jou bure nie sien nie. Met al die misdaad ...en..en dié dinge. (POUSE) Was julle weg?
7. FRANS: (ONGEMAKLIK) Nee... ons was maar hier rond.
8. LINA: (VINNIG) Ons het jou ook die heeldag nie gesien nie. Net skrams toe jy met Mary hier weg is. Hoe gaan dit met Mary?
9. BEVERLEY: Hulle moes 'n noodkeiser doen. Maar sy en die baba is veilig. Ek het maar daar gebly totdat sy bygekom het en ek seker was dat dit goed gaan met haar en die baba. Daar was niemand om haar by te staan nie. (POUSE) Maar waarheen is julle op pad?
10. LINA: Ons het jou netnou sien terugkom. Toe dink ons jy is seker moeg en honger. En ons het ook nog nie geëet nie.
11. FRANS: Nou bring ons ons kos na jou toe. Dalk kan ons saam eet – soosvroeër voordat ...
12. BEVERLEY: (SAG) Voordat ek die oorsaak was dat julle al julle aftreegeld verloor het. Ek sê weer: Ek is so jammer, mense.
13. LINA: Jy hét al gesê hoe jammer jy is, Vriendin – verskeie kere. Maar dis nou verby. Van nou af gaan ons daarvan vergeet. Kom, ons aldrie moet nou iets te ete inkry. Dit was 'n lang dag.

1. BEVERLEY: Dis snaaks. Ek het ook 'n lekkernytjie gemaak, maar dit nooit geëet nie. Toe ek sien dat net *julle* ligte nog brand, het ek besluit om dit na julle toe oor te neem sodat ons dit saam kan eet – as julle veilig is.
2. FRANS: Nouja, jy sien mos ons is perdfris. Sal ons dit by jou huis of by ons gaan eet?
3. LINA: Ons sal net eers ons herderspastei moet warm maak.
4. BEVERLEY: Ek is bevrees dit sal dan maar by julle moet wees. Ek het al lankal nie meer 'n mikrogolfoond nie. Kon nie 'n nuwe een bekostig toe die oue gebreek het nie. Sukkel deesdae om kop bo water te hou.
5. FRANS: (FRANS KUG ONGEMAKLIK. DAN SAAKLIK) Nouja, dis dan ONS huis. Kom.
HULLE GAAN BY LINA-HULLE SE HUIS IN.
6. BEVERLEY: Ek weet nie hoe my eetgoedjies na al die ure sal smaak nie. Ek het vir 'n gas gewag wat toe nie opgedaag het nie. (OORGANG) Maar wag (DINK NA) Ek was ure van die huis af weg. Dalk hét hy opgedaag. (GRETIG) Het julle nie dalk gesien of iemand by my huis gaan klop het terwyl ek weg was nie?
7. FRANS: Jou gas?
8. BEVERLEY: Ja, een na wie se koms ek baie uitgesien het.. Ek
(VERLEË, STAMELEND) Ag, julle ... julle sal nie verstaan nie. Ek .. ek het ge... gedroom dat iemand vandag by my sou kom eet.
Weet julle dalk of hy toe wél hier opgedaag het terwyl ek weg was?
9. FRANS: Nee Buurvrou. (MET KLEM) *Hy was hier toe jy nog hier was.* En jy het self die deur vir Hom oopgemaak.
10. BEVERLEY: (VERWARD) Wat? Wanneer?
11. FRANS: Jy het die deur *vir Jesus* oopgemaak toe jy vir Mary gehelp het om by die hospitaal te kom.
12. LINA: En ook toe jy jou oor ons bekommer het en weer netnou toe jy jou eetgoed met ons wou kom deel.

1. FRANS: Jesus was by ons ook. 'n Paar keer. Maar ons het nie oopgemaak nie. Nie een enkele keer nie. Maar jy en die straatkinders hét!
2. LINA: Julle het nie op die Jerigopad verbygestap nie. Ons hét. Ons het anderpad gekyk en verbygestap.
3. BEVERLEY: (VERWARD) Wat? Ek verstaan nie.
4. LINA: Kom ons gaan in, dan vertel ons jou alles. Sommer terwyl ons eet.
5. FRANS: En ons Gas sal ook saam eet, soos Hy beloop het. Hy het nou wéér gekom. Dalk vir die laaste keer vandag na ons toe – diep in die nag...
6. LINA: sodat ons uiteindelik vrede kan maak, en vrede kan vind....
7. FRANS: Sy genade en geduld met ons, was groot, Buurvrou. Maar hierdie keer ... hiérvan keer ... hét ons die deur vir Hom oopgemaak.

SLOTMUSIEK